

5 Desember

Psalm 91

(Teks: 91: 14) God is by jou!

Het jy al gevoel dat alles vir jou net te veel raak? Dan wil Psalm 91 jou vandag verseker van God se teenwoordigheid, nabyheid en beskerming in jou lewe.

Wanneer gelowiges teëspoed soos werkloosheid, finansiële probleme, siekte en selfs dood in die lewe ondervind, word ons baie keer in ons vertroue en geloof in God geskok. Jy dink God behoort sulke dinge weg te hou van mense soos ek en jy wat Hom ken en dien.

Dit is egter nie wat God ons in Psalm 91 belowe nié! Wat Hy wel aan jou, sy kind, belowe, is dat jy met sy krag oor die adders en leeus wat jy op jou lewenspad gaan teëkom, sal kan loop. Hy sal jou die krag, wysheid en insig skenk om die probleme en bedreigings in jou lewe te hanteer.

Hy belowe daarmee saam dat Hy self betrokke sal wees by jou moeilikhede deur sy engele wat Hy stuur om die klippe uit jou pad te rol.

God is persoonlik in jou lewe en lewensgebeure teenwoordig. Eerstens het Hy in Christus mens geword en onder (tussen) ons kom woon. Tweedens het die God van jou lewe met die uitstorting van sy Heilige Gees God in jou lewe geword.

As jy oor jou lewe teruggedink en om jou rondkyk, kan jy nie anders nie as om hierdie beloftes kinderlik gelowig te aanvaar. Dan móét jy bely: Op so baie plekke, Here, waar ek nie meer kon loop nie, het U myopgetel en my gedra.

God se beloftes in hierdie Psalm is:

Ek sal jou altyd beskerm.

Ek sal hoor as jy bid.

Ek sal jou red.

Want Ek het jou die ewige lewe gegee.

Sing Psalm 33:1

Ds. H.B. Coetsee (Delarey)